

Les 18

Teks: Johannes 7: 40 - 52

1. Inleiding

In vandag se gedeelte, sien ons steeds dat Jesus nie erken word as die Messias deur baie mense nie. Hierdie mense is deel van die Joodse geloofsleiers, daarom fokus ons op die verhouding tussen leiers en gewone mense. Maar dan werk ons ook weer sterk met die Johanneïese ironie. Ons kyk ook na die Profeet en ook die herkoms uit Galilea.

2. Die Profeet en die Messias

Vir die moderne gelowige klink dit vreemd dat die die eerste eeuse jood waarskynlik aan die Profeet en die Messias as twee verskillende persone gedink het. Tog lei selfs Johannes 1 ons in daardie rigting. Wat die hernude fokus op die profeet geplaas het is die wonders wat Christus gedoen het.

Een van die ironieë wat ons dan juis uit die Johannes evangelie aflei is die feit dat hierdie koppeling van die twee persone in die persoon van Jesus Christus waarskynlik die lig was vir baie gelowiges. Tog is hierdie verwysing na die profeet teenwoordig tot aan die einde van die hoofstuk. Want daar is tekskritiek debatte oor vers 52, spesifiek oor of daar eintlik "die profeet" staan of net "profeet".

Laastens weet ons ook vandag dat die Islam die titel "die profeet" gebruik in verwysing na Jesus. Maar dan verstaan hulle Sy boodskap heeltemal verkeerd.

3. Die amptenary en die gepeupel

Ons sien in die teregwysing van die tempelwag iets van die veroordelende neerkyk op die gepeupel deur die amptenary. Kom ons verduidelik wat met elke groep bedoel word. Met amptenary word daar gewoonlik vandag nog verwys na mense wat ampte beklee. Daar is gewoonlik ook 'n vlak akademiese opleiding vereistes hiervoor. Maar daar kan dan maklik neergesien word op mense wat nie oor akademiese kwalifikasies ens. beskik nie.

In leefwêreld van Johannes sien ons die volgende. 'As iemand die Skrif en die Mishnah ('n groot korpus van Joodse tradisie) geleer het, maar nie as student van die geleerde gedien het nie, is hy een van die mense van die land. As hy die Skrif geleer het, maar nie die Mishnah nie, is hy 'n onopgevoede man; as hy nie die Skrif of die Mishnah geleer het nie, word daar van hom gesê: 'Ek saai die huis van Israel en die huis van Juda met saad van mense en vee. Iets hiervan vind neerslag in vers 49.

Die probleem lê by die tempelwag, wat nie hulle opdrag uitvoer in vers 45 nie. Soos ons laas week reeds gesien het, is hierdie tempelwag nie 'n geharde klomp mense van die straat af nie. Dit mens uit die stam Levi afstam en waarskynlik ook een of ander vorm van teologiese opleiding gehad het. Maar nou wil die leiers hulle sommer indeel tussen die gewone gepeupel.

4. Uit Galilea

Die laaste stukkie ironie waaraan ons aandag gee is afkoms uit Galilea. Vir die leiers diskwalifiseer Jesus se afkoms uit Galilea Sy aanspraak tot die Messias. Tog maak Johannes weer die ironie in vers 42, dat die Messias uit Dawid sal afstam en uit Bethlehem sal kom, 'n duidelike profesieë uit Miga. Die ironie lê weereens daarin dat die leiers nie vir Jesus goed genoeg ken om te weet dat hy inderdaad uit Dawid afstam en inderdaad in Bethlehem gebore is.

Maar Jesus help hulle nie reg in hierdie opsig nie, dit is vir Hom belangriker dat hulle weet dat Hy van die hemel afkomstig is.

In leiers se woede probeer hulle sommer vir Galilea as 'n geheel diskrediteer. In 'n nugter ook oomblik sou hulle waarskynlik erken het dat beide Jona en Nahum van Galilea afgekom het. Maar in hulle woede koppel hulle die mense in Galilea sommer almal aan die gepeupel wat ons vroeër bespreek het. In poging om dan vir Nikodemus stil te kry wil hulle hom ook sommer koppel aan Galilea en sy mense.

5. Teksverwysings

1. 2 Samuel 7: 12 - 16
2. Miga 5:2
3. Jesaja 9:1
4. Mattheus 10: 32 - 36
5. Johannes 1: 19 - 23
6. Handeling 5: 34 - 40

6. Vrae

1. Hoekom was die geestelike leiers so vyandig teenoor Jesus in die tyd van Johannes?
2. Is daar vandag nog in die kerk 'n verskil tussen mense met 'n universiteitskwalifikasie en die daaronder, verduidelik?
3. In 'n demokrasie praat ons soms neerhalend van 'n groot groep oningeligte en/of onopgeleide mense. Kry 'n mens ook hierdie verskynsel in geloofskringe?
4. Mag 'n mens trots wees op jou herkoms?
5. Wat dink u van Nikodemus se optrede en wat dit hom op die lyf haal.

7. Bron

Carson, D. A. (1991). *The Gospel according to John*. Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.